CURRICULUM VITAE

Daniël Gerhardus Cornelis (Daan) Potgieter

Die digter Opperman se vers 'Negester en Stedeling' is die kern van toepassing op sy seining van hoe die onderwys die leerder moet rig:

'*Watter kaart of watter ster sal ek jou wys om veilig deur die gyrsland heen te reis? Onthou altyd aan jou dade grens 'n ewigheid; gee sin aan die voorgeslagte deur die eeue heen, besef jy is 'n vegter weer van die begin, alleen; en mag die Suiderkruis en Negesterre witter as die stedeligte in jou siel bly skitter*.'

Die behoud van Afrikaanse onderrig lê vir Daan na aan die hart en hy skroom nie om elke geleentheid te benut om 'n bydrae tot die beste van sy vermoë te lewer nie.

Hy is onderrig by die PU vir CHO waar hy in 1984 'n BA-graad met Geskiedenis en Afrikaans-Nederlands as hoofvakke verwerf het. 'n Diploma in Hoër Onderwys (nagraads) en 'n BA-Honneurs in Geskiedenis het oor die volgende twee jaar gevolg. In 1993 het hy ook 'n Diploma in Onderwysbestuur by die eertydse Onderwyskollege van Suid-Afrika verwerf.

Na twee jaar militêre diensplig is Daan in 1989 as onderwyser by die Afrikaanse Hoër Seunskool aangestel. Vanaf 1993 tot 2010 dien hy die skool as Departementshoof: Geesteswetenskappe en Adjunkhoof. Ander hoogtepunte sluit die volgende in:

- Betrokkenheid by koshuis aangeleenthede
- Lid van die Beheerliggaam gemoeid met dissipline en regsake, finansies en die koshuis
- Eindeksamevraestel nasiener
- Streekmoderator van Graad 10 en 11 Geskiedenis
- Geskiedenis onderrig by die Afrikaanse Hoër Seunskool
- Referaat oor Geskiedenis by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika
- Betrokkenheid by sport as rugby-, krieket-, atletiek- en hokkieafrigter en gholf-organiseerder en -afrigter
- Kultuur betrokkenheid as toneelregisseur en organiseerder van die Afrikaanse Hoër Seun- en Meisieskool Affie-Artes kultuurgala
- Senior huisvader van Huis Frank le Roux en Huis Pannevis
- Hoof van dissipline

Daan se nalatenskap by Hoërskool Waterkloof sluit 'n hele paar projekte in. Die volgende verdien vermelding:

- Die grootskaalse gebruik van tablette om leerlinge te onderrig. Moderne tegnologie het ongetwyfeld 'n positiewe invloed op akademies prestasie.
- Die instellling van Robotika as 'n vak tot en met graad 9. In graad 10 kry leerlinge die geleentheid om 'n keuse te maak tussen Elektriese Ingenieurswese, Siviele Tegnologie of Informasie Tegnologie.
- Die gratis implementering van Metakognisie ten einde leervermoë te stimuleer.
- Die ontwikkeling van die skoolterrein en die oprigting van 'n koshuis.
- Die ontstaan van 'n uitmuntende Mediese en Sportdepartement, een van die beste in die land.
- Hoërskool Waterkloof is die twee opeenvolgende jare vir die Suid-Afrikaanse Sekondêre Sportskool van die jaar genomineer.
- Die Tshwane Cool Capital projek; die skool is daadwerklik betrokke by die doel om 'n kuns- en kultuurfees in die hoofstad te vestig.

Die HB en MJ Thom Prestige-toekenning vir die bevordering van Afrikaanse onderwys en opleiding is aan Daan toegeken, asook die titel van Interne Bemarker van die jaar in 2014. In 2017 is hy ook tot Lid van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies.

Sy daaglikse werk by die Hoërskool Waterkloof het ook tot wyer blootstelling gelei. So byvoorbeeld het hy –

- 'n aantal televisie-onderhoude gedoen oor onderwerp wat wissel van kuberboelie en die gevare van sosiale media vir die jeug tot geskiedenis as verpligte vak op skool; en
- as gasspreker opgetree by die 2015 SAOU-kongres rakende slaggate met die implementering van e-leer.
- as gasspreker opgetree by 'n internasionale konferensie oor die implementering van e-leer in skole op uitnodiging van ESET.

Daan is vanaf 1 Julie 2018 die hoof uitvoerende beampte van die AON wat ten doel het om 'n volhoubare pyplyn van leerders vir die behoud van Afrikaanse moedertaalonderrig te verseker.